



Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

HOFSAAK TEEN DIE NG KERK OOR SY BESLUIE OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS IN 2016

Die moderatuur van die NG Kerk is bewus van 'n aantal verwarrende persberigte oor die aansoek wat 11 van ons lidmate by die Hooggeregshof ingedien het om die kerk se 2016-besluit oor selfdegeslagverhoudings ongeldig te laat verklaar. Hiermee bied ons verdere toeligting oor die saak.

Die aansoek gaan oor veral twee kwessies, naamlik die vraag of die vergadering van die Algemene Sinode in 2016 die regte prosedure gevolg het toe daar oor selfdegeslagverhoudings besluit is, en of die kerk se besluit aan die vereistes van die land se grondwet voldoen.

Die moderatuur is teleurgesteld dat daar nie daarin geslaag kon word om die applikante te oortuig om die tegniese kwessies binne die kerklike opset en raamwerk van ons Kerkorde te hanteer nie. Daar word immers binne ons Kerkorde ruimte gemaak daarvoor dat enige kwessie waaroor reeds besluit is weer by 'n volgende vergadering van die Algemene Sinode bespreek kan word en dat vorige besluite inderdaad herroep kan word, hetsy weens tegniese foute wat gemaak is of oor inhoudelike aspekte van die besluit. Die saak kan deur 'n gravamen, beswaarskrifte en/of beskrywingspunte vanaf kerklike vergaderings op die agenda van die vergadering geplaas word.

Die kerk het reeds in Junie 2017, toe die applikante aangedui het dat hulle in 'n arbitrasieproses belangstel, positief reageer. Die reëling was egter dat die eedverklarings van die twee partye eers gefinaliseer moes word en dat daar dan finaal oor die moontlikheid van arbitrasie besluit sou word. Die kerk is teleurgesteld dat die applikante nou verkies om nie van 'n geregtelike arbitrasieproses gebruik te maak nie.

In hulle eedverklaring het die applikante veral na regstegniese sake verwys, onder meer die reg op appèl teen besluite van die Algemene Sinode. Die verteenwoordigers van die kerk het deur hulle eedverklaring besluit om nie die reg op appèl teen Algemene Sinode se besluite te verdedig nie. Die kerk is egter oortuig dat die vergadering van 2016 op 'n wettige manier byeengeroep is om gravamina, beskrywingspunte en voorleggings te bespreek. Die saak waaroor die 2015-besluite gegaan het, is op hierdie manier nuut op die tafel van die Sinode geplaas, bespreek en tot stemming gebring. Die voortspruitende besluite is op die korrekte kerkordelike manier geneem.

Die kerk moes in sy eedverklaring op bewerings van die applikante reageer. Die applikante het onder meer beweerd dat die kerk met sy 2016-besluit gay persone se

reg op vrye assosiasie aantas. Die kerklike verteenwoordigers stem nie met hierdie bewering saam nie en het dit so in hulle eedverklaring aangedui. 'n Interpretasie dat die kerk hiermee gay lidmate aanmoedig om by ander kerke aan te sluit, of nie omgee as hulle dit sou doen nie, is beslis nie 'n korrekte weergawe van die kerk se stellingname of bedoeling in sy eedverklaring nie. Die kerk het immers 'n akkomoderende standpunt (2016) oor sy gay lidmate ingeneem, wat juis op die teendeel van so 'n gesindheid dui.

Die kerk hoop steeds dat die bekommernisse en weerstand van die 11 applikante teen die 2016-besluit buite die hof besleg sal kan word.